

**1 Junie**

**Skrifgedeelte: Esegïel 40:47-41:26**

**Fokusgedeelte: Esegïel 41:1-4**

**'n Volmaakte woning vir God**

Wat moet 'n mens vandag maak met hierdie beskrywing van die nuwe tempel in die boek Esegïel? Dis alles deel van die wonderlike visioen wat Esegïel gehad het, maar al die besonderhede is so oorweldigend dat 'n mens met moeite 'n prentjie daarvan kan vorm. Toe die tempel na die terugkeer uit die ballingskap herbou is, het Esegïel se tempelvisioen ook nie die plan daarvoor voorsien nie. Wat 'n mens nog meer tref, is al die mate wat gegee word. In die Nuwe Vertaling word die mate in meter gegee en in die Ou Vertaling in el. In die Ou Vertaling kan die getalle se simboliese waarde beter gesien word, maar dit bly steeds te groots om te omvat. Hierdeur wil Esegïel iets weergee van die grootheid van God. Die tempel was die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk. Die grootsheid van die simbool wys heen na die allesoortreffende heerlijkheid van God. God is heilig, almagtig, alomteenwoordig en volmaak. Die wonderlike is dat hierdie heilige God Homself aan onheilige mense verbind het en by hulle kom woon het. Hoe naby ons aan God gekom het, is in Jesus Christus duidelik sigbaar. Hy het 'n mens geword om ons sonde weg te neem. Ons mag nooit klein van God dink nie, maar moet leef met 'n besef van sy grootheid en ons onwaardigheid om sy kinders te wees. En tog ís ons sy kinders deur Jesus Christus!

*Sing: Skrifberyming 34:1*

*Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*